
DIE NICEA-KONSTANTINOPEL GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in een God, die almagtige Vader,
Skepper van hemel en aarde;
en van alles sigbaar en onsigbaar.

Ek glo in een Here Jesus Christus,
die Eniggebore Seun van God,
gebore uit die Vader voor alle tye,
God uit God, Lig uit Lig,
waaragtige God uit waaragtige God,
verwek, nie gemaak nie,
een in wese met die Vader,
deur wie alles gemaak is.

Hy het vir ons mense
en ter wille van ons saligheid
neergedaal uit die hemel.
Hy het vlees geword deur die Heilige Gees,
uit die Maagd Maria en het mens geword.
Hy is ook vir ons gekruisig.
Hy het onder Pontius Pilatus gely en is begrawe.

Op die derde dag het Hy opgestaan volgens die Skrif.
Hy het opgevaar na die hemel
en sit aan die regterhand van die Vader.
Hy sal weer kom in heerlijkheid
om die lewendes en die dooier te oordeel:
En sy ryk sal sonder einde wees.

Ek glo in die Heilige Gees, Here en Lewendmaker,
wat uit die Vader en die Seun voortkom,
wat saam met die Vader en die Seun
aanbid en verheerlik word wat gespreek het deur die profete.

Ek glo in Een, Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk.
Ek bely een doop tot vergifnis van sondes.
Ek verwag die opstanding van die dooies,
en die lewe van sy die toekomstige ewigheid. Amen.

